## 18 Augustus Matteus 18:1-14

### *Wees self soos kinders en sien om na God se kinders*

Wie raak nie moeg vir die voortdurende kompetisie waaraan ons blootgestel is nie? Baie keer voel dit vir jou of jy daarvan kan wegvlug, maar jy kan nie. Maar diegene wat die swaarste kry en die meeste daaronder ly is die swakkeres. Die Here het hier 'n sekere vorm van swakwees in gedagte wat so maklik ly en wat nie mag ly onder die geweldige druk nie. Dis die kindertjies.

Die vraag wat die Here in hierdie gedeelte beantwoord gaan daaroor of daar ook mededinging in die heilige dinge is. Die voorwaarde waaraan mededingers in die koninkryk moet voldoen is een woord: Bekering! Hulle moet verander. Slegs diegene ding mee wat hulle eie krag en prestasievermoë prysgegee en van hulle hoë aansien afgesien het. In hierdie kompetisie is nie nodig die bekwame, die sterke, die slimme en die ryke nie. By hierdie kompetisie is nodig: 'n gebroke hart, 'n verslae gees, iemand wat die ander beter as homself ag. Een wat net van een sondaar weet en dis hyself. Dis waar die kindjie inkom. Kyk, sê Jesus, hy wat so is, wat hom nie na vore dring en homself as die meeste in die middelpunt plaas nie, hy is die meeste. Maar die ware toets of ons so verander het kom as die Here nie net die kindjie as voorbeeld vir ons voorhou nie, maar as een teenoor wie ons hierdie gesindheid moet uitleef. Ons mag nie die oorsaak van hulle struikeling wees nie en ons mag nooit ophou om hulle te soek as hulle weggeraak het nie.

Sing: Skrifberyming 15:1-7Ds. M.E. Schalekamp (Potchefstroom-Mooirivier)